"Start thinking more about what you have than what you want. If you do, your life will start appearing much better than before. Perhaps the first time in your life, you will know what it means to be satisfied.

- Richard Carlson -

Jongste inligting met betrekking tot LBK se integrasie proses

Eerstens wil ons graag ons kliënte in veral die Langkloof- en Klein-Karoostreke bedank vir hul geduld en begrip met die moontlike ongerief wat op takke en met sekere stelsels tydens die integrasie proses ondervind word. Hierdie proses is tans in volle swang en personeel spandeer baie tyd om stelsels en prosesse in plek te kry en te integreer.

Most of the time is being spent to ensure that all product codes and product descriptions of all stock items are the same at all branches (many thanks to all personnel at branches for their dedication in this regard!)

Daar word beplan om LBK se nuwe logo's gedurende Junie/Julie by takke aan te bring (die nuwe logo's word onderaan hierdie bladsy getoon, die rooi van die Tuinroete Agri logo word vervang met die LBK-blou en die "LBK HANDEL" en "LBK PAKMATERIAAL" name word behou). Aspekte wat ook by takke aandag sal kry is rakke, uitstalling van voorraad, voorraadhouding en opleiding van personeel.

We plan to be on line by September 2008 which means that the purchases made by clients at any branch will be directly linked to the stock and debtor (accounts) systems.

Baie dankie vir die positiewe reaksie wat ons met die kredietaansoeke ontvang het. 'n Groot deel van die kredietaansoeke is alreeds terugontvang.

As a result of the combination of the Tuinroete Agri's and LBK's debtors, we were able to negotiate a significant reduction on the premiums paid by all our clients for their credit life insurance.

Ons is in proses om 'n kortingstruktuur of bonusstelsel op aankope te oorweeg vir moontlike implementering. Hierdie stelsel sal meebring dat LBK se betalingskortings mettertyd uitfaseer sal word.

Indien u enige navrae het met betrekking tot die hele integrasieproses is u welkom om met Piet Swart op Avontuur (044-752-3004) of vir my op Mosselbaai (044-601-1200) te kontak.

Baie groete en dankie vir u toegewyde ondersteuning!

J.D. WEYS
BESTURENDE DIREKTEUR

tuinroete agri LBK HANDEL

tuinroete agri LBK PAKMATERIAAL

www.tagri.co.za

Hou asseblief die Wenakker dop vir nuus oor ons nuwe webblad!

Tuinroete Agri het pas begin met die vervaardiging van 2 nuwe lekblokke wat tesame met Feedtek (Edms) Bpk (wat die registrasiehouer is), ontwikkel. Hierdie lekblokke word tans nog net in die Riversdalstreek verkoop maar kan later na ander takke uitgebrei word.

PROBLOK 280

PROTEÏEN MINERAAL SPOORMINERALE SUPPLEMENT

PROTEÏEN LEKBLOK VIR DROË WEIDING

SLEUTEL VOORDELE

- Gereed om te gebruik—geen lekbakke benodig.
- Weerbestand—geen verliese vanweë wind of reën.
- Melasse gebbasseer vir smaaklikheid.
- Bevat oplosbare proteïene in korrekte verhouding met swael vir optimum benutting en vertering van swak weiding en/of ruvoer.
- Bevat hoë vlakke van fosfaat, magnesium, alle kritiese spoorminerale asook vitamiene A en E vir vrugbaarheid en gesondheid.
- Beskikbaar met aalwynpoeier vir natuurlike beheer van in– en uitwendige parasiete.

GEBRUIKE

- Problok 280 is ideaal as supplement vir alle vee op droë weiding en/of ruvoer vir handhawing van kondisie.

VOERAANBEVELINGS

- Voer onbeperk aan vee met droë weiding en/of ruvoer onbeperk beskikbaar.
- Laagste inname word verkry indien blokke deurentyd ad lib beskikbaar is.
- Bevat nie proteëen stikstof—mag nie vir perde gevoer word nie.

AANBEVOLE INNAMES

Grootvee	600—750 g/dier/dag
Kleinvee	125—150 g/dier/dag

Registrasienommer (Wet 36/1947): V19498 Massa: 25kg
Registrasiehouer: Feedtek (Edms) Bpk, Tel 028-284-9976,
Faks 086-601-2216, E-pos: feedmin@lando.co.za

TURBOBLOK 280

PROTEÏEN ENERGIE MINERAAL SPOORMINERALE SUPPLEMENT

ENERGIE LEKBLOK VIR DROË WEIDING

SLEUTEL VOORDELE

- Gereed om te gebruik—geen lekbakke benodig.
- Weerbestand—geen verliese vanweë wind of reën.
- Melasse gebbasseer vir smaaklikheid.
- Bevat 'n hoë vlak van natuurlike proteïene vir optimale vrugbaarheid en melkproduksie.
- Bevat oplosbare proteïene in korrekte verhouding met swael vir optimum benutting en vertering van swak weiding en/of ruvoer.
- Bevat hoë vlakke van fosfaat, magnesium, alle kritiese spoorminerale asook vitamiene A en E vir vrugbaarheid en gesondheid.
- Beskikbaar met aalwynpoeier vir natuurlike beheer van in– en uitwendige parasiete.

GEBRUIKE

- Turboblok 150 is ideaal as supplement vir alle vee op droë weiding en/of ruvoer vir groei en melkproduksie.
- Turboblok 150 is ideal as aanvulling vir laatdragtige en lakterende ooie op droë weiding.

VOERAANBEVELINGS

- Voer onbeperk aan vee met droë weiding en/of ruvoer onbeperk beskikbaar.
- Laagste inname word verkry indien blokke deurentyd ad lib beskikbaar is.
- Bevat nie proteëen stikstof—mag nie vir perde gevoer word nie.

AANBEVOLE INNAMES

Grootvee	1000—1500 g/dier/dag
Kleinvee	200—300 g/dier/dag

Registrasienommer (Wet 36/1947): V19498 Massa: 25kg
Registrasiehouer: Feedtek (Edms) Bpk, Tel 028-284-9976,
Faks 086-601-2216, E-pos: feedmin@lando.co.za

tuinroete agri

Aberdeen	049-846-0489		Knysna Handel	044-382-3027
Albertinia	028-735-1094		Krakeel	042-274-2201
Avontuur	044-752-3004		Misgund	042-275-1421
Baviaanskloof Depot	044-839-1200		Mosselbaai	044-601-1200
George Handel	044-801-4500		Noll	044-745-1277
George Onderdele	044-801-4536		Plettenberbaai	044-533-0495
Haarlem	044-763-1088		Riversdal	028-713-2404
Herbertsdale	044-651-1676		Twee Riviere	042-273-1103
Herold	044-888-1626		Uniondale	044-752-1217
Kleinberg	044-697-010			

NUWE HOOFBESTUURDER AANGESTEL

Ons is trots en dankbaar dat Annelie van Wyk as Hoofbestuurder: Menslike Hulpbronne en Korporatiewe Kommunikasie by die Tuinroete Agri-groep aangestel is. Sy word ook 'n lid van die Raad.

Ons wens haar en haar gesin alle voorspoed toe in haar nuwe werksomgewing.

Ons wil graag deur middel van die Wenakker ons landbouers in ons streek aan ons lesers bekend stel. In hierdie weergawe vertel ons u meer oor die:

MATT ZONDAGH LANDGOED

Die Zondagh en Stemmet familie, wat al 10 geslagte lank in Avontuur op die Matt Zondagh Landgoed boer, is alom bekend en bemind in die streek.

Die plaas behoort al ongeveer 240 jaar aan die Zondagh familie en word tans bestuur deur Francois- en Matt Zondagh en Pieter-Matt- en Ben-Pierre Stemmet.

Reeds in die vroeë 1900's is daar al besluit om met appels te boer. Appels en pere bly steeds die hooffokus. 'n Subfokus is Merinoskape, Bonsmarabeeste, hawer en gars.

Volgens Francois het elke fase en seisoen in die bedryf sy eie bevrediging. Die appelbedryf is arbeidsintensief en 'n deeglike kennis van die mark is onontbeerlik. Elke seisoen bring sy eie vreugdes, maar 'n goeie oes is steeds eerste prys.

Hulle welvaart ten spyt is die Zondagh's en Stemmet's nederige mense wat maar traag is om oor hulle suksesse te praat. Volgens Francois glo hulle aan lojaliteit teenoor hulle bemarkers (o.a Capespan en Tru Cape), asook die verskaffers en handelaars in die Avontuur/Langkloof omgewing. Die vennootskap tussen hulle en LBK kom al 'n lang pad en albei families het al leiersposies in die organisasie beklee.

Betrokkenheid by die gemeenskap is die familie se manier om terug te ploeg en te belê in hulle eie mense. Die Landgoed verskaf werk aan 120 permanente werkers en 70 gesinne word gehuisves. 'n Gemeenskapsentrum is onder andere vir die werkers gebou met 'n Kleuterskool en rugbyveld.

Ben-Pierre rig die Uniondale rugbyklub af wat in 2007 die SWD Ruggabeker met Herbertsdale gedeel het. Francois is die President van die Markötter Stigting en dien op die direksies van Unifruco en Granor Passi. Pieter-Matt is die Voorsitter van die Uniondale Skou en verteenwoordig Langkloof by SAAPPA.

Tuinroete Agri en LBK is voorwaar trots om met die familie geassosieer te word.

Meganisasie

Vir al u trekker, implemente en werktuigkundige behoeftes asook reeksonderdele kontak ons gerus!

tuinroete agri
Paul Jacobs
Bestuurder Meganisasie
Fabriekstraat/Street
Posbus / PO Box 170
George 6530
T: 044-801-4536
F: 044-873-4602
C: 084-592-9383
E: pjacobs@tagri.co.za
@: www.tagri.co.za

Deon Crous
Trekker Werktuigkundige
Herstel van alle plaasimplemente en trekkers
082-560-1711
E-mail: deonmassey@webmail.co.za

S.D. Herstel Dienste cc
Specialized Repairs to Tractors & Implements
Massey-Ferguson John Deere New Holland
Laing Street George 6529
Steven Dowse
084-433-4787

SPEEDY
SWEISWERKE & POMPE
Alle sweiswerke, herstel waterpompe, plaasimplemente, veiligheidshekke & herstel van besproeiingspompe, ens.
Skakel gerus SPEEDY 082-873-8422 of 044-801-4536

Agri Herold Landboufees

30 Augustus 2008

Agri Herold, halfpad tussen George en Oudtshoorn, bied op 30 Augustus 2008 'n gesinsdag in samewerking met die besigheidsektor van George en die plaaslike omgewing aan. Ongeveer 100 top, meestal landbou-verwante verskaffers, word verwag.

Die hoofdoel van hierdie landboufees is om Herold, sy mense, tradisies, historiese geboue, produkte wat verbou word, pragtige natuur, landbou en nog vele meer aan almal bekend te stel en met almal te deel.

Akwiteite wat beplan word behels onder andere die volgende:
Bergfiets prettrap (30 – 40km)
4X4 Roete en –baan (4-trek voertuie en motorfietse)
Skattejag vir gesinne - Roete ongeveer 40km per motor (**GROOT** pret vir die hele gesin!)
Kulkunstenaar
Vermaak vir die kinders
Verskeie kunstenaars
Kosstalletjies wat insluit tradisionele geregte (pannekoek, roosterkoek, afval, bobotie, ens.)
Wynproe (Herold beskik oor sy eie wynkelders!)
Hopsbier-kroeg
Wen 'n slaglam (skat die karkas se gewig)
Wen 'n bees (skat die bees se gewig)
Ete en dans
EN..... NOG VELE MEER!!!!

Net om u nuuskierigheid te prikkel!!!!!

DIE SKATTEJAG

Die dag begin om 08h00 met registrasie by Waboomskraal, Tuinroete Agri Herold of Louvain Plase. Registrasiefooi beloop R50 per span per motor en elke span ontvang 'n inskrywing en roetelys met die name van die uitstallers. Elke span beweeg op sy eie tyd deur die stalletjies waar daar by elkeen, nadat goed kennis gemaak is, sekere vrae beantwoord word en nadat die roetelys onderteken is, aanbeweeg na die volgende punt. Teen ongeveer 14h00 sal die skattejag in alle erns vanaf Tuinroete Agri Herold begin en ná 'n roete van ongeveer 40km per motor, weer daar eindig.

Baie pryse sal gewen word en beloof dit om 'n onvergeetlike dag te wees wat u beslis nie sal teleurstel nie. Die dag word afgesluit met 'n ete, dans en prysuitdeling in die Tuinroete Agri-gebou op Herold. Drag is informeel en kaartjies kan by Bestuur gekoop word.

Die fees word op Sondag 31 Augustus 2008 afgesluit met 'n dankseggingsdiens in die NG Kerk.

Hop Farming

Beperkte verblyf is beskikbaar en word u versoek om vroegtydig te bespreek.

Op die feesdag sal 'n spesiale koerant beskikbaar wees met inligting, geskiedenis, staaltjies en baie foto's oor ons dorp en sy mense!

Hou die pers dop vir verdere inligting omtrent hierdie pretdag!!

Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom! Vertel u vriende, bring u familie en wees deel van die pret!

Weet u kinders hoe lyk 'n angorabok? - *Bring hulle, ons sal hulle wys!!*
Hoe word 'n angorabok se hare geknip? - *Kom na die Landboufees en kry die inligting direk van die kundiges!!*

HET U GEWEET?
Ons verbou hops?
Ons het wingerde?
Ons verbou vrugte?

NIE??? Soveel meer rede om hierdie Landboufees by te woon en u te vergewis van die omgewing se prag, produkte en beslis ons gasvryheid en die dag saam met ons te geniet!!!!!

Vir enige navrae, kontak Weeber Truter (082-566-2070) of Danie Snyman (082-805-8531).

www.agri.co.za

EFFEKTIEWE BEHEER VAN LEWERSLAK

Inleiding

Dit is algemene kennis dat wurms of interne parasiete produksie verliese en selfs vrektes by beeste en skape veroorsaak. Onlangse navorsing het bewys dat wurms soos lewerslak tussen 0.1 – 1.0kg gewigsverlies per week kan veroorsaak afhangende van die besmettings graad. Verder kan hierdie parasiete ook 'n protein verlies veroorsaak wat 'n dramatiese impak op die imuunstelsel en vrugbaarheid van die diere het. Diere met 'n beperkte protein vlak kan nie 'n voldoende immuun reaksie lewer op entstowwe nie en dus sal hiedie diere meer toeganklik wees tot erge siektes en infeksies. Die verskuilde impak is net so erg op reproduksie waar inter kalf periodes verleng word en die verliese nie so opsigtelik is soos kliniese siektes nie.

Lewensiklus

Volwasse lewerslak het 'n afgeplatte, blaaragtige voorkoms. Twee spesies kom voor in Suid Afrika en kan daar onderskei word tussen die gewone en reuse lewerslak. *Fasciola hepatica* of die gewone lewerslak, groei tot 30mm in lengte en *Fasciola gigantica* (reuse lewerslak) bereik 75mm in lengte.

Lewerslak benodig nat toestande om hul lewensiklus te voltooi omdat die tussengasheer klein varswaterslakke (*Lymnaea spp.*) is. Hierdie slakke leef in permanente of semi-permanente waterbronne soos vleie, damme of lekkende water trôe.

Die lewensiklus neem 3 weke om te voltooi, maar kan weens ander faktore langer wees. Volwasse lewerslak parasiete beperk hulle self tot die galbuise in die lewer waar hulle van bloed en proteïne leef. Die volwasse wyfie lê daar eiers wat saam met die gal in die dermkanaal in die mis uitgeskei word. Die eiers broei uit op die weiding waar dit dan varswaterslakke besmet. Deels van die ontwikkeling van die lewerslak vind plaas in die waterslak waarna dit dan weer op die weiding uitgeskei word. Op hierdie stadium is die lewerslak nog nie volwasse nie. Diere neem hierdie onvolwasse stadium vanaf die weiding op waar dit dan deur die dermkanaal boor om sodoende na die lewer te migreer. In die onvolwasse stadium boor die lewerslak deur die lewer van die dier tot dit die galbuise bereik waarna hulle an volwasse word.

Optimale behandelings tyd

Kennis van die lewensiklus is belangrik vir optimale en effektiewe beheer van lewerslak. Diere word besmet met onvolwasse lewerslak parasiete wanneer hierdie klein stadiums die waterslakke verlaat en die weiding besoedel. Die onvolwasse lewerslak parasiete word uit die waterslakke geskei vanaf laat lente tot vroeg herfs. Die meeste infestasies by beeste en skape vind plaas vanaf Februarie tot April.

Wanneer die omgewingstemperatuur onder 10°C daal kruip die varswaterslakke in die modder weg en staak die uitskeiding van onvolwasse lewerslak parasiete. Dus word die weiding tydens die laat lente tot vroeg herfs besmet a.g.v die varswaterslak aktiwiteit.

Wanneer die temperatuur weer styg en die reënseisoen begin, verskyn die varswaterslakke weer. Hierdie waterslak word dan met onvolwasse lewerslak parasiete besmet wat afkomstig is vanaf besmette beeste en skape wat die parasiete in hul mis uitskei.

Om dus die lewensiklus te breek en die dramatiese besmettings in die somer te verhoed, is dit krities om diere te behandel wanneer die waterslak onaktief is. Daar is twee spesifieke tye vir strategiese behandeling. Herfs of vroeë winter – 2 weke nadat die minimum temperatuur laer as 10°C gedaal het, of laat winter – vroeg somer net voor of net na die eerste reëns geval het.

Die keuse van 'n geskikte wurmmiddel met die korrekte beheerspektrum is van kardinale belang. Die meeste slakmiddels beheer slegs die volwasse stadiums van dia parasiet. Soos gesien kan word kom daar verskeie stadiums van die parasiet op verskeie tye van die jaar in die diere voor. Vir die laat winter behandeling sal die gebruik van 'n volwasse slakmideel voldoende wees. Vir die behandeling in die herfs en of middel somer sal die gebruik van 'n middel wat beide volwasse en onvolwasse stadiums van die lewerslak beheer aangewese wees.

Triklabendasool bv. *Ecofluke* is 'n middel wat beide volwasse en onvolwasse lewerslak dood. Die mees optimale tyd vir die gebruik van hierdie middel sal tydens die herfs tyd wees (April). Dit kan weer herhaal word in die lente vir totale beheer.

Middels wat klosantel (*Closeco)*, rafoksanied (*Tramisol Plus*) en oksiklosanied (*Tramizan*) bevat sal volwasse lewerslak dood. Die optimale tyd vir die gebruik van hierdie middels is Junie, Augustus en Januarie. Die voordeel van hierdie middels is dat hulle ook ander parasiete soos rondewurms en neuswurm kan beheer.



Vir meer inligting kontak gerus jou naaste Afrivet verteenwoordiger (André Swart 082-875-3363) of Tuinroete Agri/LBK Agri Handelstak.

Land & Strand
eiendomme

REEBOK
Impalaweg
044 696 5820

GROOTBRAKRIVIER
Langstraat 105a
044 620 3322

GEORGE
Mitchellstraat 138
044 874 7644

HERBERTSDALE
ALLEENMANDAAT

183 ha met 15 ha lande en bergweidings. Standhoudende spruit. Pragtige natuur en uitsig.

R2 160 000

Johan Fourie 082 572 6005

RIVERSDAL

Ervare agent nou in Riversdal vir al u eiendomsbehoeftes.

Phil Mahne 082 801 4745

GEORGE KLEINHOEWE

9,5 ha Kleinhoewe met 2 X 3 slaapkamerwonings, motorhuise, bediendekwartiere en staalkonstruksiestoor. Totale area onder dak is 1 000m².
R6 750 000

Jos Terblanche 083 631 9611

GROOTBRAK
ALLEENMANDAAT

119 ha plaas met 38ha onder besproeiing. 3 Chalets en 2 damme. Staalstoor + voerstoor. Nuwe heinings.

R4 900 000 + BTW

Jos Terblanche 083 631 9611

GROOTBRAKRIVIER

49 ha natuurplaas aan die Grootbrakrivier. Pragtige inheemse woud met kampeerplekke. 230m² woning. Woorde kan dit nie beskryf nie!

R3 395 000

Johan Fourie 082 572 6005

GROOTBRAK
ALLEENMANDAAT

54 ha rooigrond. 3 nuwe spilpunte en waterregte. Gerestoureerde 3-slpkhuis en stoor plus nuwe 450m² staalstoor. Grens aan 'n teerpad.
R6 500 000 + BTW

Jos Terblanche 083 631 9611

WABOOMSKRAAL

232 ha met woning en stoor. 30 ha besproeiing waarvan 15 ha lusern, 1/3 ha druiwe. Lopend met trekkers en werktuie.

R2 800 000

Johan Fourie 082 572 6005

UNIONDALE
ALLEENMANDAAT

177 ha ongerepte Karooveld met jou eie 7ha gholfbaan en klubhuis Dammetjie en boorgat vir drinkwater.

R890 000

Johan Fourie 082 572 6005